aspirantes ad excellentiam

HS Melkbosstrand HS

# GRAAD 8

# INLIGTINGSBOEKIE

# 2020

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Verwelkomingsbrief, skoolkwartale, skoolure | 2 |
| Busdiens, skooldrag, sportklere, skoolsakke, skoolgelde | 3 |
| Skryfbehoeftes, handboeke, konsessies | 4 |
| Buitemuurse aktiwiteite, sporthuise, oriënteringsprogram | 5 |
| Graad 8 kamp, kommunikasie | 6 |
| Bylaag A : Skooluniforminligting en ARC | 7-9 |
| Bylaag B : Skoolgelde en debietordervorm | 10-12 |
| Bylaag C : Skryfbehoeftes | 13 |
| Bylaag D: Konsessies | 14 |
| Bylaag E: Buitemuursedeelnamestrokie | 15 |
| Bylaag F: Kampinligting en vrywaringsvorm | 16-17 |
| Bylaag G : Studiewenke | 18-19 |

# Hoërskool Melkbosstrand
# Melkbosstrand High School

17 Oktober 2019

Liewe Ouer

Baie dankie vir u kind se inskrywing vir 2020. U kind is u kosbaarste besitting en ons verbind ons daartoe om u kind met liefde en deernis op akademiese, kulturele, sosiale en sportgebied te begelei. Mag u en u kind se verbintenis met die Hoërskool Melkbosstrand mooi herinneringe bou.

U het waarskynlik al 'n handvol vrae oor 'n verskeidenheid aangeleenthede en daarom deel ons graag die volgende inligting met u:

1. **SKOOLKWARTALE 2020**

| KWARTAAL | OPEN | SLUIT |
|---|---|---|
| **EERSTE** | 15 JANUARIE | 20 MAART |
| **TWEEDE** | 31 MAART | 12 JUNIE |
| **DERDE** | 07 JULIE | 18 SEPTEMBER |
| **VIERDE** | 29 SEPTEMBER | 02 DESEMBER |

2. **SKOOLURE**

Die skool begin op Woensdag 15 Januarie 2020 om 07:45 vir Graad 8 leerders. Skoolure vir die res van die jaar is as volg:

**MAANDAG – DONDERDAG: 08:00 – 14:30**

**VRYDAG: 08:00 – 14:00**

Stiptelikheid van leerders is vir ons 'n hoë prioriteit en ons wil nie hê dat u kind enige onderrigtyd moet verloor nie. Indien u kind van busvervoer gebruikmaak, moet u asseblief toesien dat u kind 'n bus neem wat sal verseker dat hy/sy betyds by die skool is.

3. **BUSDIENS**

Die MyCiTi-busdiens is operasioneel tot in Melkbosstrand. Kontak gerus die tolvryenommer 0800 65 64 63 of besoek die webwerf www.myciti.org.za vir verdere inligting.

4. **SKOOLDRAG**

Ons leerders se voorkoms is ons trots en ons wil baie graag hê dat u ons hierin sal ondersteun deur seker te maak dat u kind in die regte skooldrag geklee is op sy/haar eerste skooldag (15 Januarie 2020), het. **Raadpleeg asb. Addendum A vir inligting hieroor.** Skooldrag kan aangekoop word by ARC **(sien Addendum A)**. **Maak asb. seker dat u kind se skoolklere en besittings duidelik gemerk is.**

5. **SPORTKLERE**

Ons wil u sterk aanmoedig om so spoedig moontlik 'n besoek aan ARC te bring en die sportrompie/-kortbroek en –hempie aan te skaf. Die sporthempie word nie net vir sport gebruik nie, maar ook vir LO en ander skoolaktiwiteite en is dus verpligtend. Belê asseblief ook in die skool se sweetpak, veral as u kind graag aan sport deelneem. Verder, om eenvormigheid te bevorder, is die Melkbosstrand Hoërskool sportsak verpligtend. Moet asseblief nie ander sportsakke aanskaf nie. **Maak asb. seker dat u kind se sportklere en toerusting duidelik gemerk is. (Sien Bylaag A)**

6. **SKOOLSAKKE**

Sorg asseblief dat u kind ook 'n Melkbosstrand Hoërskool-skoolsak aanskaf. Dit is verpligtend vir elke leerder en by ARC beskikbaar. **(Sien Bylaag A)**

7. **SKOOLGELDE**

Die skoolgelde vir 2020 word November 2019 deur die skool Beheerliggaam (SBL) vasgestel en die volledige besonderhede daaroor sal aan u gestuur word sodra die bedrag vasgestel is. Die begrotingsvergadering vir 2020 sal plaasvind op 15 November 2019 om 18:00. Ouers is welkom om die vergadering by te woon. **Sien asb. Addendum B vir inligting oor skoolgelde en die debietorder vorm.**

8. **SKRYFBEHOEFTES**

Alle leerders is verantwoordelik vir hulle eie skryfboeke en ander skryfbehoeftes. 'n Volledige lys is aangeheg **(sien Bylaag C)**. **Moet asseblief nie 'n huiswerkboek vir u kind aanskaf nie, elke leerder ontvang 'n huiswerkboekie by die skool.** Addisionele koste verbonde aan die materiaal wat benodig word vir sekere vakke, word ook aangedui **(sien Bylaag C)**. Hierdie geld is betaalbaar by die onderskeie vakonderwysers teen 17 Januarie 2020.

9. **HANDBOEKE**

Alle handboeke word deur die Departement van Opvoeding (WKOD) verskaf. Handboeke sal gedurende die oriënteringsprogram (sien punt 12 hieronder) aan die leerders uitgereik word. Elke handboek het 'n unieke strepieskode en sal onder die leerder se naam uitgereik word op die elektroniese stelsel. Alle handboeke moet binne 'n week nadat dit ontvang is, oorgetrek wees en duidelik gemerk wees. Leerders is verantwoordelik daarvoor om die handboeke in 'n goeie toestand te hou gedurende die akademiese jaar. Verlore handboeke sal 'n boete gelykstaande aan die vervangingswaarde van die handboek tot gevolg hê.

10. **KONSESSIES**

Indien u kind tans enige konsessies het wat deur die WKOD goedgekeur is, dui dit asb. aan op die antwoordstrokie in **Addendum D** en handig dit by die registeronderwyser in teen 15 Januarie 2020.

11. **BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Tans bied ons die volgende aan:

| **KULTUUR** | **SPORT** |
|---|---|
| Drama | Skaak |
| Debat | Atletiek |
| Rotary Interact | Netbal |
| Eisteddfod | Rugby |
| Orkes | Krieket (seuns en dogters) |
| Melkies Got Talent | Sagtebal |
| Koor | Tennis |
| Noodhulp | Swem |
| Skoolkoerant (Die Melkie) | Hokkie (seuns en dogters) |
| | Toutrek |
| | Gholf |

Leerders word aangemoedig om aan ten minste EEN somersport en EEN wintersport deel te neem. **(Voltooi asb. die deelnamestrokie in Bylaag D.)**

12. **SPORTHUISE**

Al die leerders by die skool word in drie huise, elk met 'n spesifieke naam en kleur, ingedeel. Die indeling word volgens 'n leerder se van gedoen.

| **HUIS** | **KLEUR** | **VAN BEGIN MET** |
|---|---|---|
| 1 Pikkewyne | Geel | A D G K N Q R U V |
| 2 Robbe | Wit | B E H L O S W X Y |
| 3 Haaie | Blou | C F I J M P T Z |

13. **ORIËNTERINGSPROGRAM**

U kind moet reeds op **Dinsdag 14 Januarie om 08:00** in volle skooldrag by die skool aanmeld en dan met 'n oriënteringsprogram saam met die VRL (Verteenwoordigende Raad van Leerders) begin. **Hierdie program is verpligtend vir alle graad 8-leerders.** U kan u kind weer 12:00 kom haal. U sal dan ook die geleentheid hê om u kind se registeronderwyser te ontmoet.

14. **GRAAD 8 -KAMP**

Die kamp sal plaasvind vanaf **Vrydag 17 Januarie tot Saterdag 18 Januarie 2020**. Die kamp is verpligtend vir alle Graad 8-leerders en sal die hoogtepunt van die oriënteringsprogram wees. Meer ingligting hieroor word in **Bylaag E** vervat, tesame met die vrywaringsvorm wat voltooi en teen Woensdag 15 Januarie terugbesorg moet word aan die registeronderwyser.

15. **KOMMUNIKASIE**

Kontak ons gerus vir verdere inligting.

- Algemene navrae by ontvangs – Mev. J. Botha (021 553 0086; admin@hsmelkbos.co.za)
- Finansies – Mev. T. Davis (finansies@hsmelkbos.co.za); Mev. B. Koen (finansies2@hsmelkbos.co.za)
- Graadhoofde – Dr N. Heunis (nheunis@hsmelkbos.co.za); Mev. D. Groenewald (dgroenewald@hsmelkbos.co.za)

Die D6-kommunikeerder word gebruik om belangrike inligting aan ouers deur te gee. Belangrike datums word ook op die kalender van die D6-kommunikeerder geplaas. Ouers moet dus seker maak dat hulle op die D6-kommunikeerder registreer. Volg asb. die skakel op die skool se webtuiste (www.melkboshigh.co.za) vir verdere inligting.

U is steeds welkom om ons te skakel indien u nog vrae het. Ons glo u is net so opgewonde soos ons om u en u kind deel van ons skoolgemeenskap te maak.

Vriendelike groete.

Die uwe



SKOOLHOOF

## Bylaag A

# Hoërskool Melkbosstrand
# Melkbosstrand High School

**ALGEMENE VOORKOMS EN SKOOLUNIFORM**

('n Uittreksel uit die Gedragskode van die Hoërskool Melkbosstrand.)

### 1. Hare, naels en juweliersware

#### 1.1 Seuns

- Hare moet geleidelik korter na onder gesny word – nie baie lank op die kop en baie kort langs die kante nie; dus geen skerp verandering in lengte nie.
- Geen patrone, lyne of kepe mag ingesny word of enige uitspattige haarstyle gedra word nie.
- Indien die kuif reguit vorentoe gekam word, moet die hare twee vingers bokant die wenkbroue wees.
- Geen poniesterte word toegelaat nie.
- Hare mag nie oor die ore hang of agter aan die kraag raak nie.
- Hare moet skoon en netjies gedra word.
- Hare mag nie gekleur word nie.
- Bakkebaarde ("sideburns") mag nie langer as die middel van die oor wees nie.
- Hare mag in reguit vlegsels gevleg word, mits die los ente nie langer as 1 cm is nie.
- Elke seun se hare sal individueel beoordeel word.
- Indien 'n seun se hare nie korrek is nie, moet dit binne 24 uur reggestel word. Sou 'n tweede waarskuwing nodig wees, sal die ouer/voog gekontak word met die versoek om dit onmiddellik reg te stel.
- Seuns moet elke dag skoon geskeer wees. Indien daar 'n probleem is, moet die ouer/voog die Graadhoof inlig.
- Naels moet kort en skoon gehou word.
- Net 'n polshorlosie en/of 'n amptelike mediese armband word toegelaat.
- Geen ringe, hangertjies, armbande of oorbelle is toelaatbaar nie.
- Geen tongringe, neusringe of enige ander sigbare deurborings of "studs" of sigbare tatoeëerings mag saam met skooldrag gedra word nie.

#### 1.2 Dogters

- Slegs effekleurige swart, bruin, donkerblou, silwer of wit knippies mag gebruik word om hare vas te steek.
- Slegs effekleurige swart, donkerblou of wit haarbande mag gedra word.
- Slegs effekleurige swart, donkerblou, of wit haarlinte mag gedra word.
- Slegs effekleurige swart, bruin, donkerblou, silwer, deurskynende of wit haarbykomstighede mag gedra word.
- Lang hare, ook klein vlegseltjies (indien dit aan die kraag raak of langer is) moet vasgebind word.
- Hare mag nie in onnatuurlike kleure gekleur word nie.
- Geen onnatuurlike haarstyle mag gedra word nie.
- Haarverlengstukke moet dieselfde kleur as die res van die hare wees.
- Hare moet te alle tye skoon en netjies wees.
- Geen grimering word toegelaat nie.
- Naels moet kort wees en slegs kleurlose naellak word toegelaat. (Geen gel, akriel of "French tips" nie.)

- Net ‘n polshorlosie, amptelike mediese armband of ‘n seëlring word toegelaat.
- Net een paar “studs” of ringetjies in silwer of goud, 5 mm in deursnee, in die onderste gaatjie van die oorlel word toegelaat.
- Geen ekstra oorringe mag gedra word of met pleisters toegeplak word nie.
- Geen tongringe, neusringe, wenkbrouringe of ander sigbare deurborings (“piercings”) of sigbare tatoeëerings mag saam met skooldrag gedra word nie.

## 2. Skooluniform

### 2.1 Seuns

**Somersdrag**

- ‘n grys langbroek of kortbroek (swart belt opsioneel)
- ‘n blou kortmouhemp (ALTYD INGESTEEK)
- vir saalperiodes is ‘n blou skoolbaadjie, hempskraag oor die baadjiekraag, VERPLIGTEND
- lang grys skoolsokkies, GEEN wit of gekleurde sokkies nie
- swart leerskoene met veters
- matrieks dra matriekhemde met dasse en truie, skoolbaadjies VERPLIGTEND vir saalperiodes

**Wintersdrag**

- ‘n grys langbroek of kortbroek (swart belt opsioneel)
- ‘n blou langmoumouhemp (ALTYD INGESTEEK), met ‘n daskraag
- ‘n blou skoolbaadjie en das
- donkerblou skooltrui of kortmou oortrektrui (opsioneel)
- GEEN sweetpakbaadjies onder skoolbaadjies nie
- SLEGS swart of donkerblou effekleurige serpe, GEEN wolmusse nie
- lang grys skoolsokkies, GEEN wit of gekleurde sokkies nie
- swart leerskoene
- matrieks dra matriekhemde met dasse en truie en serpe, skoolbaadjies VERPLIGTEND vir saalperiodes

### 2.2 Dogters

**Somersdrag**

- ‘n blou kortmou skoolbloes – hang oor rompie, nie ingesteek nie
- ‘n blou geruite skoolromp (lengte vier vingers bokant die knie, NIE opgerol nie)
- vir saalperiodes is ‘n blou skoolbaadjie, hempskraag oor die baadjiekraag, VERPLIGTEND
- kort wit sokkies, omgevou
- swart leerskoene
- matrieks dra matriekhemde met dasse en truie, skoolbaadjies VERPLIGTEND vir saalperiodes

**Wintersdrag**

- ‘n blou langmoumouhemp (ALTYD INGESTEEK), met ‘n daskraag
- ‘n blou skoolbaadjie en das
- donkerblou skooltrui of kortmou oortrektrui (opsioneel)
- GEEN sweetpakbaadjies onder skoolbaadjies nie
- SLEGS swart of donkerblou effekleurige serpe, GEEN wolmusse nie
- lang swart broekiekouse, sonder patrone, geen sokkies onder die kouse nie
- swart leerskoene
- matrieks dra matriekhemde met dasse en truie en serpe, skoolbaadjies VERPLIGTEND vir saalperiodes

## ARC
## SPORTSWEAR

Cnr Mansell / Scheckter Roads
Killarney Gardens

Manufacturers of Ladies
Golf / Tennis / Bowls Wear
and **School Uniforms**

**SHOP**: Tel/Fax: 021 556-7265
E mail Address: shop@arcsportswear.co.za

---

**HOERSKOOL MELKBOSSTRAND** **AUGUST 2019**

AANDAG: NUWE LEERDERS - 2020

SKOOLUNIFORM VEREISTES

1. SKOOLBAADJIE
2. OORTREKTRUI (Langmou)
3. OORTREKTRUI (Mouloos)
4. SOMER "SKY BLUE" HEMP/BLOES
5. GEPLOOIDE "CHECK" ROMP (Meisies)
6. SPORT HEMP (Huis)
7. SPORT KORT BROEK (Seuns)
8. SPORT SKORT (Meisies)
7. SWEETPAK
9. DAS (vir winter)
10. "SKY BLUE" HEMP (Langmou vir winter)
11. SKOOLSAK
12. SPORTSAK




Beperkte voorraad wit enkelsokkies vir meisies, seuns grys langsokkies en seuns grysbroek is beskikbaar by onafhanklike verskaffers.Voorraad vir 2020 sal beskikbaar wees vanaf 12de November 2019 by ARC Sportswear, die Uniform-winkel. Skakel **0215567265** of e pos (shop@arcsportswear.co.za) vir n afspraak.

| | | |
|---|---|---|
| **WINKELURE:** | Maan - Don | 8.30 - 16.15 |
| | Vryday | 8.30 - 14.30 |
| | Saterdag | 9.00 - 12.00 |

**WINKEL GESLUIT** gedurende die vakansieseisoen:
Gesluit – 13de Desember 2019
Heropen – 09de Januarie 2020
**BETALING** Kontant / Debietkaart / Visa of Masterkaart
**Geen** tjeks / American Express of Diners Club word aanvaar

**KOM ASSEBLIEF VROEG OM DIE STORMLOOP TE VERMY IN JANUARIE 2020!!!!!!!!!!**
Enige navrae kontak 021 556 7265

Nadia of Glenda of Na-eemah

Member: A.R.Batt Vat No.: 4020188019

## Bylaag B




***Waardegedrewe skool/Value driven school***

- ***Integriteit/Integrity***
- ***Omgee/Caring***
- ***Respek/Respect***
- ***Selfdissipline/Self-discipline***
- ***Verantwoordelikheid/ Responsibility***
- ***Hardwerkendheid/Diligence***


**Hoërskool MELKBOSSTRAND High School**

***"Sentrum van Uitnemendheid/Centre of Excellence***
***Ons berei jou kind voor vir sukses/We prepare your child for success"***

http://www.melkboshigh.co.za

**Tel: (021) 553 0086/ 553 1277/ 553 5104/ 553 1957**
**Faks/Fax: (021) 553 3016**
***finansies@hsmelkbos.co.za***
***admin@hsmelkbos.co.za***
*Posbus/Postal Box 311 Melkbosstrand 7437*
**Skoolhoof/Headmaster: D.J. Ross**
**(B.Com Honneurs/Honours, HOD/HED US/SU)**


17 Oktober 2019

Liewe Ouers

Ons is dankbaar dat ons skool 'n hoë standaard van opvoeding en onderrrig aan u kind kan bied. Om ons in staat te stel om op hierdie vlak voort te bou en terselfdertyd ons geriewe, toerusting en goeie leerkragte uit te brei, doen ons 'n beroep op u as ouers om u kind se skoolfonds vroegtydig en gereeld te betaal.

**LET WEL:**

Skoolgelde is vooruitbetaalbaar. Niebetalers van skoolgelde word vanaf April aan die skool se skuldinvorderaars oorhandig. Let daarop "*Die beheerliggaam van 'n openbare skool, kan deur wetgewing, soos vervat in artikel 40 daarop aandring dat ouers aanspreeklik gehou word vir die betaling van skoolgelde*". Indien geen betalings of ooreenkoms vir betalings teen 1 Junie van 'n akademiese jaar gemaak is nie, sal die volle skoolfonds vir die jaar oorhandig word. Ouers word dan vir die volle skoolfonds, rente en kostes aanspreeklik gehou.

State vir skoolgelde word maandeliks uitgegee as 'n harde kopie aan leerders asook elektronies per e-pos aan die ouers wat nie vir die jaar vooruit betaal het nie. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid en plig om te verseker dat skoolfonds op datum is. Stel asseblief die skool dadelik in kennis indien u nie u maandelikse staat ontvang het nie.

Die skoolfonds is maandeliks betaalbaar oor 10 maande (Januarie tot Oktober), 11 maande (Januarie tot November) of kwartaalliks. Hou asseblief stiptelik by u betalingsooreenkoms – dit is u verantwoordelikheid om u maandelikse state te kontroleer.

Datums vir die aftrekking van debietorder word aan u oordeel oorgelaat. Debietorders wat onbetaald deur die bank na die skool verwys word, sal outomaties gekanselleer word. Dis die ouer se verantwoordelikheid om toe te sien dat voldoende fondse in die rekening is en dat die korrekte bedrae afgetrek word. Indien u wil gebruik maak van 'n debietorder, voltooi asb. die onderstaande vorm en handig dit direk by die finansies kantoor in.

Die 2020 skoolgelde afslagstruktuur is as volg:

- Debietorderrekeninge ontvang 3 % korting
- Volle betalings gemaak in Januarie ontvang 7,5 % korting
- Volle betalings gemaak in Februarie ontvang 5 % korting

***BANKBESONDERHEDE***

*HOËRSKOOL MELKBOSSTRAND*

*ABSA: TJEKREKENING: 4078551617*

*TAKKODE: 632005*

*VERWYSING: LEERDER NAAM EN VAN*

**NIE-BETALING VAN SKOOLGELDE**

Indien u dus op enige tydstip nie u verpligtinge kan nakom nie, skakel onmiddellik met die finansies kantoor en tref nuwe reëlings. Enige finansiële ooreenkoms kan slegs gefinaliseer word indien dit op skrif aan die finansies kantoor voorgelê word.

Rig asb. enige navrae direk aan die finansies kantoor.

- Rekening navrae – Mev. B. Koen (finansies2@hsmelkbos.co.za)
- Debietorder navrae – Mev. T. Davis (finansies@hsmelkbos.co.za)

U samewerking word hoog op prys gestel.



Mnr. D.J. Ross
SKOOLHOOF

# HS MELKBOSSTRAND BETALINGSTRUKTUUR

**Leerder se naam en van: ___________________________ Graad: _______________**

Dui asb. met 'n X u gekose betalingsmetode in die ooreenstemmende blokkie aan:

| Debietorder | EFT | Kontant | Kaartgeriewe |
|---|---|---|---|
| | | | |

Dui asb. met 'n X u gekose betalingsopsie in die ooreenstemmende blokkie aan:

| **OPSIE 1**<br><br>7.5%<br>AFSLAG<br>VOL JAAR<br>BETALING<br>IN JAN 2020 | **OPSIE 2**<br><br>5%<br>AFSLAG<br>VOL JAAR<br>BETALING<br>IN FEB 2020 | **OPSIE 3**<br><br>3%<br>AFSLAG OP<br>DEBIETORDER<br>JAN - NOV | **OPSIE 4**<br><br>MAANDELIKS<br>10 MAANDE<br>JAN – OKT<br>2020 | **OPSIE 5**<br><br>MAANDELIKS<br>11 MAANDE<br>JAN – NOV<br>2020 | **OPSIE 6**<br><br>KWARTAALLIKS<br>JAN<br>APRIL<br>JULIE<br>OKTOBER |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**<u>DEBIETORDER BETALINGS:</u>**

Vul hierdie gedeelte slegs in indien u van die debietorderfasiliteit wil gebruik maak en kies die dag van die maand waarop die debietorder afgetrek moet word. **<u>Onbetaalde debietorder sal onmiddellik gekanselleer word.</u>**

Ek gee hiermee toestemming aan MHS dat bostaande betaling via debietorder van my rekening afgetrek word op die ____________ dag van die maand.

**<u>Bankrekeningbesonderhede vir debietorderaftrekkings</u>**:

Bank: ___________________________ Bankrekeningnommer:_________________

Takkode: __________________________ Tak: _________________________________

Rekeninghouer: ____________________ Tipe Rekening: _________________________

Geteken: _________________________________________ Datum: _________________________

Ouer verantwoordelik vir skoolfonds betalings:

_____________________________________________________________________________________

## Bylaag C

# MELKBOSSTRAND HS

SKRYFBEHOEFTES / *STATIONERY* 2020

**GRAAD 8 / *GRADE* 8**

| **LEERAREA** *LEARNING AREA* | **A4 192 bl. / *page*** | **Flipfile** | ***Other / Ander*** | ***Money / Geld*** |
|---|---|---|---|---|
| AFRIKAANS Huistaal (HT) | **2** | √ (20) | | |
| AFRIKAANS Eerste Addisionele Taal (EAT) | **2** | √ (20) | | |
| ENGLISH Home Language (HL) | **2** | √ (20) | | |
| ENGLISH First Additional Language (FAL) | **2** | √ (20) | | |
| WISKUNDE / *MATHEMATICS* | **3** | √(20) | Casio fx-82ZA Plus | |
| NATUURWETENSKAPPE / *NATURAL SCIENCES* | **1** | √(20) | | |
| SOSIALE WETENSKAPPE / *SOCIAL SCIENCES* | **1** | √(20) | **Kaart** | **R10** |
| EKONOMIESE BESTUURSWETENSKAPPE / *ECONOMICS MANAGEMENT SCIENCES* | **1** | √(20) | Ekstra Rekeningkundeboek Extra Accounting book | **R90** |
| TEGNOLOGIE / *TECHNOLOGY* | **1** | | | |
| LEWENSORIËNTERING / *LIFE ORIENTATION* | **1** | √(20) | | |
| SKEPPENDE KUNSTE / *CREATIVE ARTS* | **1** | √(20) | **Materials & Paper / Kunsvoorraad en Papier** | **R120** |
| MUSIEK / *MUSIC* | | 1 x √(20)<br>1 x √(10) | **A5 thin hardcover workbook / A5 dun hardebank werkboek** | |

**Packs available from Ribbens Office National. Contact Rachel - Cell:** 083 929 3779

## Bylaag D

**Konsessie Antwoordstrokie**

Dui asb. enige WKOD-goedgekeurde konsessies aan deur die toepaslike blokkie te merk en stuur die strokie terug teen 15 Januarie 2020.

| | |
|---|---|
| Aparte lokaal | |
| Ekstra tyd | |
| Skribeerder | |
| Leser | |
| Spelling | |
| Groter skrif | |

Naam van leerder ............................................................

Handtekening van ouer/voog Datum:

.................................................... .....................

## Bylaag E

**Melkbosstrand Buitemuurse Deelnamestrokie**

Die Hoërskool Melkbosstrand strewe na 'n holistiese ontwikkeling van leerders . Ten einde ons in staat te stel om ons fasiliteite en programme voor te berei, sal ons graag wil weet aan watter aktiwiteite u kind gaan deelneem.

Merk asb. die toepaslike blokkies en stuur die strokie terug teen 15 Januarie 2020.

| **KULTUUR** | | Skaak | |
|---|---|---|---|
| Drama | | Atletiek | |
| Debat | | Netbal | |
| Rotary Interact | | Rugby | |
| Eisteddfod | | Krieket (seuns en dogters) | |
| Orkes | | Sagtebal | |
| Melkies Got Talent | | Tennis | |
| Koor | | Swem | |
| Noodhulp | | Hokkie (seuns en dogters) | |
| Skoolkoerant (Die Melkie) | | Toutrek | |
| | | Skaak | |
| | | Gholf | |

Ek (naam en van) ......................................................................................., ouer van

(naam en van van leerder) ............................................................ bevestig dat my kind die oefensessies van die bogenoemde aktiwiteite sal bywoon.

Handtekening van Ouer/Voog Handtekening van Leerder Datum:

...................................................... ................................ .........................

**Bylaag F**

Hoërskool Melkbosstrand
Melkbosstrand High School

**VERPLIGTE GRAAD 8-KAMP BY HOËRSKOOL MELKBOSSTRAND OP VRYDAG 17 EN SATERDAG 18 JANUARIE 2020**

Neem asseblief kennis van die volgende reëlings:

1. Dit vind by die skool en omgewing plaas.
2. Die kamp duur van Vrydagmiddag 17 Januarie 2018 om 14:30 en eindig Saterdagoggend 18 Januarie om 11:00.
3. Elke leerder moet sorg vir eie kos en drinkgoed vir Vrydagmiddag. Die skool se snoepie sal ook oop wees gedurende hierdie tyd. Aandete vir Vrydagaand en ontbyt vir Saterdagoggend sal voorsien word.
4. Onthou asseblief om genoeg water en koeldrank; eie eetgerei en 'n flits saam te bring.
5. Leerlinge moet asb. ou tekkies, 'n hoed, swemklere, sonbrandolie, 2-3 stelle ou klere, 'n dun matras en slaapsak saambring.
6. Merk asseblief eiendom baie duidelik. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verliese nie.
7. Die koste verbonde is **R150,00** per leerder.
8. Enige draagbare musiekinstument wat bespeel kan word (geen elektroniese toestelle), kan saamgebring word.
9. Ouers moet asb. die meegaande **VRYWARINGSVORM** voltooi wat teen **15 Januarie 2020** by die registeronderwyser ingehandig moet word. Dui dit asb. duidelik op die vrywaringsvorm aan indien die leerder nie kan swem nie.

**VRYWARING**

Ek, die ondergetekende, wettige ouer/voog van ………………………………..… (naam van kind), gee hiermee toestemming dat hy/sy die graad 8-kamp te Hoërskool Melkbosstrand (17 – 18 Januarie 2020) mag bywoon.

Verder vrywaar ek die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, sy beamptes en personeel van die Hoërskool Melkbosstrand absoluut en onherroeplik van enige en alle aanspreeklikheid (growwe nalatigheid en opset uitgesluit) wat mag ontstaan gedurende of as gevolg van die meemaak van die uitstappie. Ek gee toestemming aan die organiseerders om enige mediese behandeling wat nodig mag wees, toe te pas.

Ek verklaar verder dat na die beste van my wete, genoemde kind nie aan enige aansteeklike siekte ly nie.

**Spesiale omstandighede** (bv. gebreke, allergie, nieaansteeklike siektes of toestande, **onvermoë om te swem**, ens.) ten opsigte van bogenoemde kind waarvan die bestuur/leier/onderwyser na my mening moet kennis dra :

……………………………………………………………………………………………..............

Naam van mediese fonds : ..........................................................................................

Naam van hooflid: ........................................................... Lidnommer:............................

Naam van ouer/voog (Hoofkletters asb.): ..........................................................................

Adres : ..........................................................................

.................................................................................

.................................................................................

Telefoonnommer : .....................................................

Selfoonnommer: .......................................................

Handtekening van ouer/voog : .................................................... Datum: .................................

**Bylaag G**

# Studiewenke



1. Maak seker dat daar STILTE, 'n goeie LIG en genoeg LUG is waar jy studeer.
2. Kies die regte soort MUSIEK (bv. sagte klassieke Barok) om jou brein te help om te konsentreer. Moenie na jou gunstelingmusiek luister wanneer jy studeer nie, want dit sal jou aandag aftrek.
3. Rig vir jouself 'n permanente STUDEERPLEK in; jou bed is nie NIE 'n goeie idee nie. Die brein maak vinnig assosiasies en as jou studeerplek altyd dieselfde is, help dit om jou gedagtes daarop in te stel dat jy gaan studeer.
4. ORGANISEER jou studieplek sodat jy presies weet waar jou handboek, werkboek, notas, skryfgoed en papier is wanneer jy dit nodig kry.
5. Plak jou TOETS-/EKSAMEN-/STUDIEROOSTERS teen die muur in jou studeerplek. Merk die betrokke datums behoorlik.
6. Stel TEIKENS vir elke toets. Gebruik 5% intervalle hiervoor – bv. ek wil tussen 50% en 55 % vir hierdie vraestel behaal. LW. volgens die skool se akademiese teikens moet jy ten minste 50% vir 'n toets of eksamen behaal. Sit jou doelwitte in jou kamer op waar jy dit voortdurend kan sien terwyl jy studeer.
7. Gebruik PEN EN PAPIER, verkieslik verskillende kleure, terwyl jy studeer, dit bevorder jou konsentrasie en assosiasie en maak dit makliker om feite te onthou.
8. BAKEN die werk AF wat jy moet leer vir 'n toets of eksamen.
9. Kry eers 'n OORSIG van die werk wat jy moet bestudeer voordat jy GEHEUEKAARTE (*mind maps*) en/of opsommings maak.
10. Gebruik KLEURE en ILLUSTRASIES – jou brein onthou dit makliker as net teks/woorde.
11. Deel HOOFSTUKKE in kleiner dele op wat jy dan stuksgewys leer.
12. HERSIEN 'n gedeelte sodra dit afgehandel is om jou geheue te bevorder.
13. Leer werk VRAAGSGEWYS – kyk watter vrae al oor die onderwerp gevra is in vorige vraestelle. Jou onderwyser kan jou hiermee help. Kyk watter gedeeltes deur kortvrae, bespreek-/langvrae of met data-responsvrae getoets word.

14. MERK die gedeeltes waarmee jy sukkel en maak seker dat jy weer daardeur werk voor die toets of eksamen. Praat ook betyds met jou onderwyser oor die dele wat jy nie verstaan nie voordat jy die toets of eksamen moet skryf.

15. HERHAAL feite hardop – skryf moeilike woorde meer as een keer uit; maak rympies; gebruik prentjies; gebruik goeie en gepaste voorbeelde om begrippe te verduidelik.

16. Vir wiskunde en wetenskappe moet jy jou TEORIE en STELLINGS en FORMULES baie goed ken. Onthou jy leer wiskunde en rekeningkunde deur te DOEN. Werk deur al jou huiswerkoefeninge.

17. Gebruik die regte TERMINOLOGIE wanneer jy 'n spesifieke vak leer soos dit in die handboek aangedui word. Werk ook deur die voorbeelde in die handboek.

18. Jy moet BETYDS begin leer (soos die komende naweek al vir volgende week se toetse) sodat jy genoeg tyd het om deur al die werk te gaan en dit te memoriseer.

19. Jy behoort 'n MINIMUM van SES UUR vir elke toets te studeer. Beplan jou HERSIENING dus baie deeglik. Herhaling versterk jou geheue.

20. STUDIESESSIES behoort tussen 30 en 40 minute te duur. RUS vir 5 minute en doen iets anders. Begin dan weer. Rus vir 10 minute na elke twee sessies.

21. Werk deur VORIGE VRAESTELLE en kyk veral na die VRAAGSTELLING, PUNTETOEKENNING en TYDSINDELING.

22. Maak seker dat jy die INSTRUKSIES op toets- en eksamenvraestelle goed verstaan. Maak seker van die vraagkeuses en watter afdelings verpligtend in die vraestel is.

23. Leer om jouself KALM te hou voordat jy 'n toets of eksamen skryf – dit help om jou om die werk beter te onthou.

24. Neem genoeg VLOEISTOF in en eet vars KOS terwyl jy studeer – loop lig vir energiedrankies en snoephappies wat te veel suiker en stimulante bevat, dit kan jou angstig maak en selfs uitgeput laat voel.

25. Gebruik jou EIE persoonlike STYL as jy leer en maak jou eie notas en opsommings wat jy die beste verstaan.




